PRESTIGE
ONDERWYSBEURS

WEN
een van twee
Beurse
ter waarde van
R200 000 elk

Onderwysbeurs sluit in :

- Studiekoste
- Klasgelde
- Registrasiegelde
- Handboeke en Studiegidse

Rapport Onderwysfonds

Pretoria FM 104.2 FM

Aros

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys as private hoëronderwysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2012/HE08/011

Aansoeke open : **18 Junie 2019**
Aansoeke sluit : **16 Augustus 2019**
Aankondiging van die wenner : 23 Augustus 2019

Doel

Die beurs het ten doel om twee top presterende Afrikaanse studente die geleentheid te bied om sy/haar vier-jaar Onderwysgraad kosteloos by Aros te voltooi.

Waaruit bestaan die beurs?

Aros in samewerking met Pretoria FM & Rapport Onderwysfonds bied aan twee verdienstelike studente die geleentheid om 'n Prestige Onderwysstudiebeurs van 4 jaar vir studies vanaf 2020 by Aros te wen. Die beurse beloop 'n huidige waarde van R200 000.00 elk oor die vier jaar en sluit die volgende in:

- Voluitbetaalde BEd Intermediëre fase graad in een van twee vertakkings: Wiskunde en Natuurwetenskappe **of** Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe
  - Alle voorgeskrewe handboeke & studiegidse
  - Alle studie- & klasgelde
  - Aansoek- & Registrasiegelde

  OF
- Voluitbetaalde BEd Grondslagfase graad
  - Alle voorgeskrewe handboeke & studiegidse
  - Alle studie- & klasgelde
  - Aansoek- & Registrasiegelde

Aros sal 'n beurswenner aanwys per bogenoemde graadfase.

Kriteria:

- Gr 12 leerders van 2019 met 'n gemiddeld van ten minste 70% en hoër in beide Gr 11 finale uitslae sowel as Gr 12 Junie-eksamenpunte.
- Persone tot en met die ouderdom van 21 wat reeds skool voltooi het met 'n gemiddeld van 70% en hoër.

Beoordeling van inskrywings:

1. Akademies

1.1 Leerders tans in Graad 12: Die beurswenner word gekeur deur beide Graad 11 finale punte en Junie-eksamenpunte in Graad 12.

1.2 Voornemende studente wat reeds Graad 12 voltooi het sal op Graad 12 finale punte gekeur word.

2. Deelname

- Skool- en ander leierskapposisies
- Sport- en kultuurdeelname
- Stokperdjies

Hoe om aansoek te doen:

1. Doen aansoek om in 2020 by Aros te studeer op Aros se aanlyn aansoekportaal;
2. Laai alle nodige dokumentasie op jou profiel;
3. Betaal die aansoekfooi van R250;
4. Voltooi die Beurskompetisie aansoekvorm op die aansoekportaal.

Dokumentasie benodig vir inskrywing:

- Aros se aanlyn aansoekvorm
- Prestige Onderwysbeurs aanlyn aansoekvorm
- Gesertifiseerde Graad 11 eindeksamenpunte & Graad 12 Junie-eksamenpunte / Matrieksertifikaat
- Gesertifiseerde afskrif van ID-dokument

Aansoek- & sluitingsdatums:

Beursaansoeke open: Dinsdag, 18 Junie 2019
Beursaansoeke sluit: Vrydag, 16 Augustus 2019
Aankondiging van beurswenner: Vrydag, 23 Augustus 2019

Bepalings en voorwaardes

- Alle verdienstelike persone met ’n gemiddeld van 70% en hoër wat belangstel om hul roeping in onderwys te volg kan aansoek doen.
- Die Beurs is beskikbaar vir een van die volgende kwalifikasies per graadfase:
  - BEd Grondslagfase
  - BEd Intermediêre fase – Wiskunde en Natuurwetenskappe **OF**
  - BEd Intermediêre fase – Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe
- Die beurs geld is slegs vir inskrywings vir studies vanaf 2020 by Aros.

Reëls

- Die reëls en inligting op hierdie kompetisieblad maak deel uit van die voorwaardes en bepalings vir deelname en inskrywing.
- Deelname aan die kompetisie impliseer aanvaarding van alle bepalings, reëls en voorwaardes van die kompetisie, die spesifieke beursvoorwaardes van die kompetisie, asook die vereistes van studie by Aros.
- Indien enige inligting op die aansoekvorm onwaar of vals is, sal die aansoek summier afgekeur word.
- Geen persoon wat by Aros; Pretoria FM of Rapport Onderwysfonds werksaam is, sal toegelaat word om aan die kompetisie deel te neem nie.
- Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds behou die reg voor om ’n onderhoud met die wenners te voer, foto’s te neem ens. wat gepubliseer of uitgesaai mag word.
- Deelname aan hierdie kompetisie veronderstel toestemming om deur Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds gekontak te word.
- Vul asb. die aansoekvorm VOLLEDIG in. Enige onvolledige aansoeke of aanhangsels wat nie aangeheg is nie, kan veroorsaak dat die aansoek sonder enige kennisgewing afgekeur word. U gaan dus uself benadeel as inligting nie volledig deurgegee word nie.
- Beursgelde en prysgelde mag nie oorgedra/geskenk of vir kontant omgeruil word nie.
- Beursgeld slegs vir inskrywings gedurende 2019 vir 2020 studies.
- Alle deelnemers vrywaar Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds van enige skade en/of koste voortspruitend uit eise wat die deelnemer mag hê of opdoen deur deelname aan die kompetisie.
- Slegs een inskrywing per deelnemer sal voldoende wees.
- Die kompetisie sal oop wees vanaf 06:00 op 18 Junie 2019 tot 23:59 op 16 Augustus 2019.
- Om vir die beurs in aanmerking te kom, mag jy nie by ’n ander instansie vir die tydperk van jou studies by Aros studeer nie.

- Indien Aros, Pretoria FM en/of Rapport Onderwysfonds nie daarin slaag om die beurswenner binne twee werksdae na die sluiting van die kompetisie telefonies te kontak nie, sal 'n ander wenner aangewys word.
- Die Beurswenners sal op 23 Augustus 2019 aangewys word.
- Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds is nie aanspreeklik vir enige tegniese fout wat daartoe kan lei dat 'n inskrywing nie suksesvol ingedien word nie. Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat onafgelewer is, verlore raak of vertraag word nie. Bewys van stuur (bewys van e-pos gestuur) is nie 'n bewys van ontvangs nie. 'n Inskrywer moet self ontvangs van sy/haar inskrywing bevestig.
- Student is self verantwoordelik vir verblyf tydens studies.
- Student is self verantwoordelik vir vervoer tydens studies
- Student is self verantwoordelik vir kostes buiten klasgelde, handboeke en studiegidse soos voorgeskryf per jaar van studie deur Aros.
- Die beurswenner moet toestem om gereeld deur die Studente Suksessentrum, Administrasie, Finansies en Bemarking & Kommunikasie opgevolg en gekontak te word vir monitering van hy/haar studies.
- Handboekaankope: Slegs handboeke & studiegidse wat voorgeskryf word vir die student / beurswenner se studies kan by Aros se boekwinkel aangekoop word en vorm deel van die beurswenner se wenpakket.
- Registrasiegelde per jaar: Gelde word deur Aros se finansiële afdeling geadministreer.
- Studies moet in vier jaar voltooi word. Student moet gedurende die 4 jaar deurgans 'n gemiddelde persentasie van 65% gemiddeld behaal en mag geen vakke druip nie. Indien die beurshouer 'n vak druip of sy/haar jaar druip, verval die beurs en sal beursnemer verantwoordelik gehou word vir die terugbetaling van die studiebeurs se uitstaande bedrag vir die spesifieke jaar wat gedruip is.
- Die beurs dek alle klasse aangebied deur Aros by hulle kampus wat tans in Waverley Pretoria geleë is, ter voltooiing van die vier jaar graadstudie.

- Die aansoeker gee hiermee toestemming dat die akademiese resultate by die aansoeker se skool / instansie deur Aros direk aangevra mag word.
- Daar sal van enige Aros beurswenner verwag word om ’n skulderkenning in te vul, alvorens so ’n beurs bekragtig word.
- Die beurswenner word voorlopig gekeur deur Junie-eksamenpunte, en is onderhewig aan finale matriekuitslae.
- Voornemende studente wat reeds Graad 12 voltooi het sal op Graad 12 punte gekeur word.

Navrae

Navrae kan skriftelik gerig word aan info@aros.ac.za